

Skriflesing: Efesiërs 1: 15 – 23Teks: **Efesiërs 1:22-23****Sing: VOORAF SANG: Sb. 15-1: 1,2,3,4** (Gebed vir die kerke)**TYDENS EREDIENS: Ps. 148:1,5; Ps. 147:1,2; Ps. 149:1,2; Ps. 119:22, 48; Ps. 134:4****Efesiërs 1: 15 – 23****Eph 1:15** Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges,**Eph 1:16** hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink,**Eph 1:17** bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.**Eph 1:18** Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het,**Eph 1:19** en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag**Eph 1:20** wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:**Eph 1:21** hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.**Eph 1:22** Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk.**Eph 1:23** Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.**Skriflesing:** Efesiërs 1: 15 – 23Teks: **Efesiërs 1:22-23****Sing: VOORAF SANG: Sb. 15-1: 1,2,3,4** (Gebed vir die kerke)**TYDENS EREDIENS: Ps. 148:1,5; Ps. 147:1,2; Ps. 149:1,2; Ps. 119:22, 48; Ps. 134:4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die eerste deel van Efesiërs wat ons so twee weke gelede hierdie reeks begin het, is een lang aanmekaar loflied. 'n Lied wat vanaf vers 3 tot vers 14 strek.

In die lied word God geloof omdat Hy ons uitverkies het. Die Vader het ons verkies, die Seun van God het ons verlos, ja ons kan as volkome verlostes in Christus die lied met Paulus wil saamsing, ook hier vandag waar 'n broeder sy geloof wil bely, maar die lied het nog verder gegaan. Deur God verkies, deur die Seun verlos maar deur die Heilige Gees gemerk. In die hele lied stel verse 13 tot 14 dit weer so duidelik- *13 Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. 14 Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.*

Dit wat hierdie verse saamvat is presies wat ons belydenis van geloof ook moet wees. Die evangelie van verlossing word gehoor en juis hy wat tot geloof gekom het, wil vandag hierdie geloof openlik voor God met God se gemeente as die getuies sy geloof bely. 'n Getuienis wat

deur die Heilige Gees beseël mag word. Mag God vir br Drickus ook hierin as sy eiendom beseël. Maar buiten die beseëling is die Heilige Gees ook die waarborg dat God doen wat Hy belowe. God het nog altyd gedoen wat Hy belowe het. Daarvan is die verbond die bewys dat God is getrou en Hy verwag van ons dat ons ook getrou sal wees.

Die beloftes wat jou en my geloofsbelydenis bevat, ja ook toe ons ons geloof bely het, is voor God gedoen. Die belofte van geloof in God, getrouheid in die leer van die waarheid wat vir ons die gereformeerde belydenis is, getrouheid in my meeleving, in my dankbaarheidslewe, in my toewyding. Dis alles dinge wat daar vandag weer voor die Here beloof gaan word, ja ons wat belydende lidmate is, het hierdie belofte ook so afgelê.

As ek my belofte nie nakom nie, dan oortree ek nie teen mense nie, maar teen die lewende, die heilige God. Die beloftes wat ek in my huwelik gemaak het, waar man en vrou voor die Here die instelling en bepalinge van hoe God die huwelik laat werk moet nakom, as jy dit nie nakom nie, moet dan nie verwag dat dit in jou huwelik goed sal gaan nie. Die doopbelofte rondom ons kinders, hoe heilig is hierdie belofte nie voor die Here nie. Gedoopte kinders is nie kinders wat aan ons behoort nie, die Here het hulle vir ons geleen, maar hulle is en bly die Here se kinders. Dat hulle beseël aan God toegewy grootgemaak moet word, is weereens geen ligtelike saak nie. Toe ek in die amp bevestig is, as ouderling of as diaken, weereens geen ligtelike saak dat ek my ampswerk getrou sal uitoefen. Dat ek aan die gereformeerde leer, die gereformeerde kerkorde, my sal onderwerp. As ouderling of as 'n diaken in sy gewete besef maar ek is besig om met hierdie belofte wat ek gemaak het, nie na behore voor God daarmee te handel nie, moet jy dan van God die goeie verwag maar jy is nie bereid om die goeie uit dankbaarheid na te leef nie. Ja, die belofte by my geloofsbelydenis is die eerste van wat waarlik met heilige erns 'n reeks ander beloftes in ons lewens gaan word en dit reeds geword het.

Soos ons verder in Efesiërs gaan so kom ons al meer onder die indruk dat ons is so bevoorreg om die dinge te mag hoor en deel te mag wees van 'n kerk wat nie uit die aarde aards is nie, maar dis uit die hemel, ja daar moet altyd na die kerk met hemelse verwagtinge gekyk word. Ook in wat Efesiërs ons nou dieper inlei mag u die hemelse heerlijkheid van waarmee ons vandag ook mee besig mag wees raaksien.

Waar Efesiërs 1 met 'n aangrypende lied begin, 'n lofsang wat al duideliker en duideliker weerklink, is dit asof die lied Paulus op sy knieë dwing. Sy lofsang word vanaf vers 15 'n baie besondere gebed. As ek regtig verwonder staan oor wat God doen, ja oor wat Hy vandag nog vir Sy kerk doen dan kan ons nie anders as om saam met Paulus te wil bid nie. En as u dan mooi na die woorde van hierdie gebed luister, u maak dit ook u eie gebed dan vra Paulus vir die Here dat die gemeente tog sal raaksien hoe groot God se genade oor hulle is. Daarom vra hy vir geestelike insig. Ons kan dit ook sien dat Paulus besef as ek regtig God se seëninge in my lewe reg wil hanteer dan moet God vir my die regte wysheid skenk. Daar moet by my dan geestelike insig wees.

So kon ons die eerste deel van hfst. 1 dan sien as 'n loflied op al die grote seëninge van God, maar nou aan die einde van hfst. 1 kom die gebed dat ek met hemelse insig hierdie seëninge reg sal hanteer. En die eerste die belangrikste wat 'n kerk moet weet is Wie regeer oor ons. Wie is ons Hoof. Wie maak dat die Kerk kerk kan wees. Daarvoor het ons alreeds insig nodig om Jesus as ons enigste Hoof, as die Hoof van sy Kerk te erken. Om waarlik die Kerk as liggaam van Christus voorop te stel, dit verg ook ware insig. Vers 22 en 23 gaan presies hieroor, Jesus se Hoofskap en ons wat sy liggaam moet wees, maar by Paulus begin alles met dankbaarheid.

As hy met God praat, hy bid tot die Here dan dank hy die Here dat daar in Efese so 'n besondere gemeente van God is. Hy is dankbaar oor die geloof wat hy in die gemeente aan die werk sien, hy is dankbaar oor die liefde wat daar in alles uitstaan. Verse 15 tot 16 is die ene dankbaarheid maar dan gaan Paulus daartoe oor dat hy die Here vra skenk aan hierdie gemeente meer wysheid. Mag die ware kennis wat God as belangrik beskou by hulle meer sal word. Dit gaan wat ons reeds genoem het om ware insig. God wat ons wysheid moet skenk.

Want sal Paulus dit besef soos wat die profeet Hosea baie honderde jare voor Paulus dit ook uitroep dat *my volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis*. In Hosea 4 vers 6 dan roep die profeet dit uit ... *6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp ...* Dit is hoe ernstig die Here hieroor praat. Wie die ware kennis verwerp sal deur God verwerp word. Daarom dat Paulus met heilige erns vir God vra gee tog

meer en meer aan u Kerk die kennis wat nodig is. Ook vir hom wat vandag sy geloof bely mag dit 'n kennis pad wees wat hy onderneem om met God te wil bly stap.

Dan brei Paulus op 'n baie besondere manier uit op hoe hierdie kennis aan die werk moet wees. Hy vra vir kennis aan verskeie fronte want kennis is nooit net eendimensioneel nie. In verse 16-18a vra hy vir kennis wat ons ware roeping moet wees. Hy noem dit dat ons mag weet watter hoop ons roeping inhou. In die tweede deel van vers 18 vra hy om kennis wat ons erfenis is. Spesifiek vra hy dat ons mag weet watter rykdom daar in ons erfenis is. Here gee ons tog kennis oor ons erfenis. Hy vra selfs kennis vir 'n derde front van kerk-wees dat die Here ons kennis sal gee van sy krag. Vers 19 vra kennis dat ons mag weet hoe geweldig groot die krag van God is. Dit is alles dinge wat ek kennis van moet verkry voordat ek die Hoofskap van Christus oor sy Kerk reg sal insien en reg sal verstaan. Mag ons God ook voortdurend om wysheid, om kennis vra op al die terreine wat Paulus hier aanraak.

Wanneer ons oor hierdie kennis handel waarvoor Paulus bid dan besef ons ook dit gaan nie soseer oor verstandelike kennis nie. Daar is baie slim mense wat God nie kan of wil ken nie. Dit moet vir ons gaan om kennis van die hart. Die hart wat in liefde kennis wil verkry. Want om God te ken is om God lief te hê. As ek God nie waarlik lief het nie, hoe kan ek Hom waarlik ken? Dit is kennis van iemand wat in 'n baie persoonlike verhouding met die Here staan en vir God die grootste respek en eerbied wil betoon wat ook in sy/haar geloof wil groei. Een wat wil hê dat daar voortdurende verdieping in my verhouding met God sal wees.

Daarom as dit gaan om kennis van wat ons roeping is dan stel vers 18 dit so duidelik- *18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou ...* Hier gaan dit om kennis van God wat roep. So iemand weet die magtige stem waarmee God die aarde en alles daarmee saam geskape het, die stem wat die planeete hulle bane laat inskuif het, die stem wat die sterre kan laat verskiet en dat hulle kan rondskommel, die stem wat die hitte van die son en die plek van die son vasgemaak het, met dieselfde stem roep God ons. Die God wat met sy stem uit niks alles kon skep is nou dieselfde God wat vir jou en my roep dat ons uit die doodsheid van ons sonde, ja dat ons uit ons sondeggraf na die lewe sal wil kom. Om uit ons sondehuis tog 'n geloofshuis te wil intrek. Paulus bid dat ons hierdie roeping, hierdie roepstem

van God al duideliker in ons lewens sal hoor. Dat ons waarlik sal weet watter hoop ons roeping inhou. Die God wat in die verlede vir Abraham geroep het, is nie besig om met 'n swakker stem na jou en my te roep nie. Dieselfde roepstem moet nog helder en duidelik gehoor kan word. Dan kan ek met sekerheid die toekoms ingaan al mag die toekoms op die oog af donker lyk, maar wie met geestesoë na die toekoms kyk, ja iemand wie se geestesoë verhelder is weet ook vir die toekoms watter hoop my roeping steeds inhou. Dan is dit geen donkere toekoms meer nie, maar mag ons jongmense ook altyd in hulle opvoeding gebring word by 'n hoopvolle toekoms, dit wat alleen God ons kan bied.

Ons saam met ons kinders, ja ook hy wat vandag sy geloof wil bely mag God hom ook 'n diepere kennis gee oor ons heerlike erfenis. 'n Gelowige erf 'n heerlike toekoms. Dit gaan oor die dinge wat ons kan erf omdat Christus vir ons 'n Testament opgestel het. Ons het uit hierdie Nuwe Testament ook vandag kon lees ... Christus het aan sy kinders bemaak die ewige lewe, ja dis dinge wat ons kan verkry omdat Christus klaar vir ons gesterf het maar kennis rondom ons heerlike erfenis strek ook die verre toekoms in. Dit gaan ook oor die dinge wat ons sal kry as Christus weer kom. Tegelyk besef ons die erfenis is so groot en ryk dat ons eintlik nog bitter min daarvan verstaan en kan insien. Daarom bid Paulus dat die Heilige Gees die rykdom van hierdie erfenis net nog dieper by ons sal laat indring wat ons moet help om ons erfenis beter te verstaan. Dis 'n rykdom wat nie maar net eendag ons deel sal wees nie, maar dat ons ons rykdom wat ons nou reeds in Christus kan hê na waarde sal skat en dit as kosbaar sal beskou.

Paulus se gebed gaan nog verder as hy die Here vra om kennis van wat God se krag is. Dis aangrypend hoe hierdie wysheid, hierdie kennis aangaande God se krag vir die Here gevra word. In vers 19 bid hy hoe geweldig groot die krag van God is in ons wat glo. Dan sê Paulus voor die Here ... *Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20 wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: 21 hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.* As ons die Grieks hier lees dan is die woord met krag vertaal dieselfde woord waar ons woorde dinamiet maar ook dinamo en ook dinamika vandaan kom. Dit wat 'n ontploffing en 'n ontplooiing van krag in ons lewe kan wees.

Vers 22 stel dat deur hierdie krag regeer God. Hy regeer deur Jesus Christus. *Aan Hom het God alles onderwerp. Hom bo alles verhef en Hom aangestel as Hoof van die kerk.* In die Grieks staan hier dat God hierdie dinge onder sy voete geplaas het. Dit gryp sekerlik terug na die ou dae wat 'n koning 'n ander koning oorwin het dan het die koning sy voete op die nek van die ander koning geplaas om sy mag en oorwinning oor hom te wys. Dit alles is so duidelik 'n vervulling van die profesie in Psalm 110. Daar lees ons in vers 1 *Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.*

Paulus se gebed om kennis van God se krag dui op 'n soort krag wat ons nie kan meet nie, maar tegelyk is dit so 'n groot troos. Ons Hoof, Hy wat die Hoof is van hierdie kerk, Hy in Wie se teenwoordigheid br Rickus nou ook sy geloof gaan bely, Hy alleen bepaal, wie en wat sy kerk is en moet wees. Hy wat vir Rickus nou ook as volwaardige lid by sy liggaam wil inlyf. 'n Belydende lid van die liggaam van Christus moet selfstandig voor hierdie Hoof sy geloof uitleef en die volle verantwoordelikhede wat God van hom verwag kan nakom. Daarom dat die gebed om die regte wysheid of die regte kennis, ja dit wat ons kennis oor ons roeping, ons kennis oor ons erfenis en ons kennis oor dit wat God se krag werklik is, nooit afgewater mag word nie. Dis tragies hoeveel mense het al hulle geloof bely maar sodra dit gebeur het dan begin hulle so 'n afgewaterde kerklike lewe te lei. In sulke gevalle sou dit eintlik beter wees dat hulle nooit hierdie groot stap in hulle lewe geneem het nie as om te dink God is met so 'n afgewaterde en lou meeewing tevrede. Vir God is dit alles of niks. Jy is of vir My of teen My. Voor God staan ek nooit, ja nooit op neutrale grond nie.

So min soos wat daardie sit aan die regterhand van God as neutrale grond gesien mag word. Christus se sit aan God se regterhand is 'n simboliese heenwysing na die mag en gesag wat alleen aan Hom behoort. Hy is daar vir ons, Hy regeer vandaar vir ons maar ook oor ons. Die kerk wat genoem word die Here se liggaam sê tegelyk hoe kosbaar die kerk van die Here vir Hom is. Hy wat met die Kerk een wil wees, soos wat Hoof en liggaam een moet wees. Sodra 'n liggaam se kop afgekap word dan lewe die liggaam nie meer nie. Dieselfde met die kerk as liggaam. As Christus nie ons Hoof is nie dan kan hierdie liggaam nie meer lewe nie.

Maar as ons in Hom lewe, dan lewe Hy in ons. Dan is ons een met Hom maar ook met mekaar. As ek nie die belangrikheid van die woord MEKAAR vanuit God se Woord raaksien nie, dan verstaan ek eintlik ook maar niks van kerkwees nie. Om in Christus ook vir mekaar daar te wees, is sprekend van 'n liggaam wat lewe. Die hand wat nie vir die arm kan sê ek het jou nie nodig nie. So min soos wat die voet dit vir die been kan sê. Mag jy br Drickus werklik as lewende lid in die liggaam van Christus dan kom by die belydenis wat nie net vandag die ware belydenis is nie, maar om werklik as lewende lid hierdie belydenis uit te leef. Mag dit wees soos die Kategismus ons dit ook leer as daar in V/A 55 gevra word – Sondag 21 – **Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?** Mag ons dit saam wil bely en dit nie maar as dorre woorde beskou nie - *Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.*

AMEN